

Sondag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 4:5-13, 29-31

Fokusgedeelte: Handeling 4:13, 29, 31

Die Heilige Gees gee ons vrymoedigheid om van Christus te getuig!

Hoe gebeur dit dat 'n verlore sondaar tot bekering kom? Die Skrif maak dit duidelik: Die Heilige Gees werk in so 'n persoon se hart wanneer die Woord aan hom/haar verkondig word, en oortuig hom/haar van die waarheid van die boodskap van die kruis (1 Kor. 2:4).

In Handeling 4 lees ons dat die Heilige Gees nie net in die persoon werk wat die evangelie aanhoor nie; Hy werk ook in die persoon wat dit verkondig. En wat doen Hy volgens Handeling 4 vir diegene wat dit verkondig? Hy gee vir hulle die *vrymoedigheid* om van Christus te getuig.

Petrus en Johannes is gearresteer omdat hulle 'n verlamde man gesond gemaak het, en vervolgens die evangelie verkondig het (Hand. 3:1 – 4:4). Die volgende dag is hulle voor die intimiderende Joodse Raad gebring. Mens sou verwag dat Petrus – 'n ongeleerde en eenvoudige mens – in vrees sou stamel, maar wat doen hy? Hy verkondig aan die hele Raad die evangelie deur vreesloos te getuig dat Jesus Christus die enigste Verlosser is.

Hoe het hy dit reggekry? Veral as ons in gedagte hou dat hy onlangs weggehardloop het toe daar vermoed is dat hy 'n volgeling van Jesus is (Luk. 22:54-62). Waar kom sy vrymoedigheid vandaan? Van die Heilige Gees (Hand. 4:8). Hy gee vir gelowiges die krag en vrymoedigheid om vreesloos van Christus te getuig. Ook vir my en jou. Hy leer ons wat om te sê onder alle omstandighede (Luk. 12:11-12).

Ons moet egter wel hiervoor bid. Mag ons daarom leer om saam met die vroeë kerk in gebed te vra: “Vader, gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig; laat u Heilige Gees ons die vrymoedigheid gee om dit so te doen.”

Sing: Psalm 119:26 (1936)

Ds. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)